

## Ontlading van vee in die Karoo met die aanbreek van 'n seisoens-droogte

Dr Louis du Pisani, EDUPLAN, 082-773 9778

---

Navorsing wat in die 1990's op Grootfontein gedoen is, het gewys dat as dit teen die end van April in die Karoo droog en die voer min is, die kans 70% is dat dit droog sal bly tot minstens die end van die jaar (=seisoens-droogte). Daar is net 'n 30% kans dat dit nie droog gaan wees nie.

Hier volg 'n plan van 'n patroon om te volg om die vee op die plaas sinvol te verminder by die aanvang van 'n seisoens-droogte:

- i Speen alle lammers vroeg, rond hulle in 'n voerkraal af en verkoop.
- ii Bemerk alle droë, nie-reproduserende, nie-dragtige-oorslaan diere (soos hamels en ou ooie). Moenie wag tot hulle maer is nie. Begin by die beeste, want dit is die duurste om hulle deur 'n droogte te voer.
- iii Bek alle ooie, koeie, ramme en bulle en bemerk die wat slyt of waarvan die tande begin oopmaak. Hulle kry die swaarste om te wei wanneer voer op die veld skraps raak. As die voertekort baie drasties is, kan dit selfs oorweeg word om die volbek diere te bemerk. Begin by die kruisteel-kudde, gevolg deur die suiwerteel-kudde en die stoet-kudde. Bemerk alle ooie en koeie met swak uiers en spene. As al hierdie diere en die genoem onder paragraaf ii verwyder is, is die totale veestapel alreeds met sowat 30% verminder.
- iv As die droogte baie ernstig raak kan die vervangings-ooie en -verse ook bemerk word (want hulle gaan sukkel in 'n droogte met 'n lam of 'n kalf by hulle). Hierdie is egter 'n laaste uitweg.
- v Die res van die ooie, koeie, ramme en bulle moet as kernkudde behou word en strategies gevoer word.
- vi Moet dit nooit oorweeg om **nie** ram of bul by te sit nie. Dit is 'n risiko wat 'n mens moet neem. Mens kan 'n plan maak met lammers en kalwers, maar mens kan geen plan maak as daar nie 'n lammer- of kalwer-oes is nie.